Tema: Verlang jy na die Here? Hy sal jou geestelike honger en dors versadig.

Lofsang met die oog op die erediens
Sb 1-2: 1, 2, 3

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 163
Votum (uit Ps. 20) "[8]Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde,
maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.
Seën
Loflied Ps. 84-2: 1, 2, 4
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Rom. 13: 8 – 12
Sing Sb 9-3: 1, 2
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Psalm 63 (Nuwe Direkte vertaling)
Woordverkondiging.

Sakramentbediening:
Sing staande Sb 10-2
Nagmaalformulier van Johannes Calvyn
Sing voor die nagmaal: Sb 17-3: 1, 2
Nagmaalbediening
Sing aan tafel: Ps. 23-3: 1, 3
Gebed

Antwoorddiens
Liefdegawes
Sing Sb 4-6: 1
Seën
Amenlied Sb 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Elkeen van ons ervaar op een of ander tyd in ons lewe ŉ "woestynverlange" na die Here. ŉ Woestynverlange soos Dawid hier in Psalm 63. Dat daar omstandighede in jou lewe kom wat jou ver weg van die Here laat voel en dat jy werklik liggaamlik en geestelik smag die Here. Jy verlang innig na sy troos, sy leiding, sy krag en sy liefdevolle genade! Jy smag dat die Here jou te hulp kom in een of ander fisiese, emosionele of geestelike behoefte! Jy het dringend nodig om weer die kragtige teenwoordigheid van die Here te ondervind.

Verlang jy soms ook so na God? Verlang jy dalk vandag na die heerlike teenwoordigheid van die Here? Na troos, krag en hulp van die Here?

Geliefde br. en sr, dan is dit goed dat jy vandag hier in die teenwoordigheid van die Here is, want Hy sal jou geestelike honger en dors versadig. Die Here belowe jou dit!

En die Here se beloftes is nie leë woorde nie! Nee, die beloftes van sy Woord soos Dawid dit hier vir ons opgeteken het, staan vas. Meer nog, br. en sr, die Here praat nie net vanoggend met ons nie, Hy doen ook iets om sy belofte te bevestig: Hy gee vir ons ŉ sigbare teken waarmee die Here as't ware sy belofte onderteken! Dit is vas en seker: Die Here sal honger en dors na Hom versadig! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here! Net so seker as wat jy die brood en wyn eet en drink, net so seker sal God jou verlange na Hom beantwoord. Sal Hy jou gee wat jy nodig het!

Maar, br. en sr, dan moet jy jou vertroue totaal in die Here plaas! Die Kategismus leer ons immers dat geloof ŉ "vaste kennis en vertroue" is. Dat jy God as God ken en Hom alleen vertrou om jou Hulp te wees! Dit is die eerste saak wat ons moet raaksien!

Het jy opgelet hoe begin Dawid sy gebed? Hy sê in vers 1: "God, U is my God, na U soek ek..." Letterlik staan daar" O God, U is my God!" Dawid begin met ŉ passievolle geloofsbelydenis dat die Here alleen sy God is! Die Here is die enigste Een wat hom kan help! Daar waar hy letterlik in die woestyn van Juda weggekruip het omdat sy seun Absolom ŉ opstand teen sy koningskap begin het en hom wou doodmaak, daar weet Dawid dat die Here alleen hom in hierdie situasie kan help!

Want Dawid het die Here leer ken as die God wat help, uitred en bewaar! Hoeveel kere in sy lewe het die Here hom nie al gehelp nie! En daarom stel Dawid sy vertroue passievol op die Here: Ag, Here, U alleen is my God, U alleen kan my help! My siel dors na U en my liggaam smag na U alleen! Here daar is niemand anders na wie toe ek kan gaan nie! Niemand anders kan my help nie! Net U alleen!

Geliefdes, ken ons die Here nie ook so nie? Het Hy Hom nie so aan ons geopenbaar nie? Ons God en Vader wat Hom in liefde oor ons ontferm! Die Here Jesus ons Verlosser en Redder wat sy lewe vir ons afgelê het! Die Heilige Gees wat in ons kom woon het om ons juis hierdie vaste geloof en vertroue te gee! Ja, ons ken die Here as ons Trooster, as ons Krag, ons Raadsman, ons Beskermer, ons Redder en Saligmaker! Ons erken Hom as ons Koning en daarom kom ons na Hom toe vanmore! Ons weet en glo: die Here, ons God, Hy alleen sal ons kan help. Dit is ook ons geloofsbelydenis! Ons weet dit en ons glo dit!

Luister net hoe beskryf Dawid sy vertroue in die Here!
Vers 3" So het ek uitgesien na U".
Vers 4: "Want U troue liefde is beter as die lewe!".
Vers 7: In die nag dink ek aan die Here en ek praat met myself oor die Here!
Vers 8: Want U was vir my tot hulp, en in die skadu van u vlerke jubel ek!"
Vers 9: Ek is aan u verknog!"

Geliefdes, is dit hoe ons ook in die Here glo en op Hom vertrou?
Br en sr, wat ook jou woestynbeproewing mag wees, hoe alleen en verlate jy ook al mag voel, hoe honger en dors jy ook al mag wees, wat jy ook al kan dink en hoe groot dit ook al mag wees, moenie jou vertrou op iets hier op aarde stel nie! Gryp aan die Here alleen was! Hy is die enigste wat jou kan help! O, God, U is my God!!!!! Na U soek ek!!!!

Die tweede verrassende saak wat Dawid in hierdie gebed na vore bring is die feit dat Hy, daar waar hy in die woestyn sit, verlang na die erediens! Hy verlang na ŉ ontmoeting met die Here in die erediens! Kyk in vers 3!
Ja, die erediens - hier en nou! Want Dawid weet dat God sy kind op ŉ besondere manier hier ontmoet en versorg! In die erediens waar ons deur dit wat hier gebeur soos Dawid dit stel "u krag en glorieryke teenwoordigheid te ervaar". Hy wil dit weer ervaar sodat hy die Here kan loof en prys.

Natuurlik is ons elke dag in teenwoordigheid van die Here en ontmoet Hy ons ook persoonlik in die gang van elke dag se lewe! Maar geliefdes, hier leer die Here ons weer dat die erediens ŉ baie belangrike en spesiale plek is waar die Here jou wil ontmoet! Hier waar ons as sy kinders bymekaar kom en deur alles wat hier gebeur word die Here in die middelpunt gestel en kom Hy elkeen van ons op ŉ spesiale manier ontmoet! Anders as wanneer jy alleen met die Here tyd spandeer! Hier is tekens en simbole, hier is ŉ liturgie – dit beteken: die manier waarop ons die Here dien met gebed, sang, geloofsbelydenis, Woordbediening en Sakrament! Daarin word die kragtige en heerlike teenwoordigheid van die Here gefasiliteer!

Dis net in die erediens waar dit gebeur en daarom verlang Dawid daarna! Hy wil bitter graag weer in die erediens wees! Geliefdes, is dit ook hoe ek en jy voel oor ons ontmoeting met die Here? Ag ons die erediens ook so belangrik dat dit die middelpunt van ons verlange na die Here vorm? Of het die erediens al vir ons so "menslik" geword, dat dit eintlik net ŉ samekoms van mense is waar die dominee ons moet vermaak en die ouderlinge ons moet raaksien?

Nee, geliefdes, so openbaar die Here sy krag en heerlike teenwoordigheid van ook weer op ŉ baie spesiale manier! Deur ons vanmore hier te ontmoet deur sy Woord en deur die Sakrament sodat ek en jy Hom weer kan loof en prys! Die Here toon vir ons vanmore sy "troue liefde" op ŉ besonderse manier! Die troue liefde waarvan Dawid in vers 4 sê dat "dit beter as die lewe self" is!

Wat kan troue liefde wees? Wat kan beter wees as my lewe? Jesus Christus! God se troue liefde wat Hy aan ons gewys het deur Jesus Christus ons Here! Jesus wat sy lewe

kom wy het om God as ons Vader aan ons te openbaar, sy liefde, sy genade, sy trou en versorging. God se liefde aan die kruis – Christus! Daar waar Hy vir my en jou sonde betaal het om die skeiding tussen God en ons weg te neem! Nou kan ons weer die kragtige en heerlike genade van God sien en beleef en nie meer vir sy oordeel oor ons sonde vrees nie!

Dat God deur dit wat Christus vir ons gedoen het, ons Vader geword het wat na al ons behoefte omsien! Dat God nou is Herder is en dat ons niks meer sal kortkom nie! Hy sal sorg! Dat Hy sy Gees aan ons gee om ons te troos en te lei! Sodat ons ook al hoe meer die heerlikheid van die Here kan weerspieël in ons lewe!

Ja, Christus is die troue liefde van God! Met Hom versadig God jou Vader al jou geestelike en liggaamlike behoeftes! Sonder Hom sou ek en jy verlore wees! Werklik verlore in die woestyn van sonde en Godverlatenheid! Glo in Hom en stel jou vertroue in Hom alleen!

En nou gaan die Here vir jou twee tekens gee om hierdie belofte te onderteken! Sodat jy dit kan sien en glo! Die tekens van brood en wyn. Net soos kos en water jou honger en dors versadig, net so versadig God jou geestelike honger en dors met Christus. En jy gaan dit nou proe! Jy gaan nou die beste kos proe. “Die binnevet en die vetste dele” soos Dawid in vers 6 sê! Jesus Christus, die water en die brood van jou lewe!

Geliefdes br. en sr, daar is niks waarna ek en jy kan verlang, waarna ons kan smag, wat God nie in Jesus vir jou kan gee nie! Hy is alles wat ons nodig het! Wat ook al jou “woestynverlange” vandag mag wees, God ons Vader sal dit vir jou gee omdat Jesus die Christus is. Ons Verlosser en Redder! Dit is sy belofte en Hy wil jou met die brood en wyn daarvan verseker!

Daarom kan ons ook soos Dawid antwoord met jubeling en lofgesange! Ja, ons kan en moet vanmore die Here prys en loof vir wie Hy is – die Een wat jou geestelike honger en dors versadig!

Is jy honger en dors? Kom eet en drink en wees versadig!

Amen